27 Februarie 2022

Hoërskool Kategese

2 Korintiërs 3:12-4:2

wat wil jy vandag bereik?

Lees gerus die hele 2 Kor 3 voordat jy die gesprek lei.
Die beeld van die sluier wat weggeneem word wil ons help om die te verstaan wat gebeur wanneer mense God se genade beleef.
Die beeld van die sluier / doek kry ons in Eksodus 34
(waar God met Moses praat.)
Wanneer ons oortuig is dat ons nakom van God se wet ons redding verseker leef ons met 'n sluier oor ons oë en gedagtes.
Ons redding kom van God. Sy Gees help ons om daarin te lewe.

Ter wille van gemeentes
wat gewoond is aan die ritme
van Kontak-kategese,
plaas ons in hakies
hoe dit in daardie raamwerk inpas.

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede van die NOUS span te nooi om opleiding rondom hierdie metodiek te kom aanbied.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Neem 'n paar blinddoeke en 'n paar *random* items uit jou huis saam na die groep.

Blinddoek een of meer van die groeplede.
Gee van die items aan hulle - die idee is dat hulle raai waaraan hulle raak, soder om te kyk.
OF
Gesels oor hoe dit voel om te gaan vir 'n oogtoets.
Hoe voel dit wanneer die letters wat jy moet lees uiteindelik sigbaar en leesbaar raak.

word stil

Lees Psalm 99

GOD se storie
wat sê die Bybel (daar en dan)

lees 2 Korintiërs 3:12-4:2 saam as 'n groep

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.

gesels dan oor die volgende saam

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.
Of enige vrae wat jy nou het.

Mens sê soms: ek wens iemand se oë wil oopgaan sodat hulle kan sien wat aangaan.
Wat bedoel mens as jy dit sê:
a) Is die persoon van wie jy praat blind?
b) Is die persoon van wie jy praat net nie instaat om die waarheid / werklikheid raak te sien nie?

Hoe kan mens hierdie stelling van toepassing maak op hierdie gedeelte?

Somige mense in Korinte het nie raakgesien dat die Heilige Gees mense help om al meer soos Jesus te word nie. Om Sy beeld uit te straal. Die Gees maak mense heilig, nie die onderhouding van die wet nie.

Wat beteken dit om die beeld van Jesus te wees OF Sy heerlikheid te weerspieël?

God se Gees help ons hiermee.

Daar is ook iets wat ons kan doen.
Wat is dit wat ons kan doen sodat die beeld van Jesus helder deur ons sigbaar is? (2 Kor 4:1,2)

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Wat beteken dit vir jou dat God se Gees jou verander om die beeld van Jesus te verteenwoordig?
Hoe kan jy sorg dat Jesus se lig weerspieël / weerkaats word deur jou?
Is daar iets wat julle groep (saam) kan doen om Jesus se lig te weerkaats die week?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte?
Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding
"Here, ek aanbid U, want..."
Belydenis
"Here, vergewe my vir..."
Voorbidding
"Ek bid vandag vir..."
Danksegging
"Dankie, vir..."
Eie behoeftes en toewyding